

068712



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

--	--	--	--

1179*1085

0001083815



2844363866



001.3072068 HSRC KOMM N 134



* 1 0 8 3 8 1 *

Die moreel in die verpleegberoep,
menings van lede oor die
Suid-Afrikaanse Verpleegsters-
vereniging en die benutting
van die amptelike nuusblad
Verpleegnuus

Die moreel in die verpleegberoep, menings van lede oor die Suid-Afrikaanse Verpleegsters- vereniging en die benutting van die amptelike nuusblad Verpleegnuus

J.J. van Rensburg
M. Steyn
F. Paton

RGN BIBLIOTEK HSRC LIBRARY	
1986 -05-06	
STANDKODE 001.3072068 HSRC KOMM N	REGISTERNOMMER 134068712
BESTELNOMMER R10	

J.J. van Rensburg, M.A.(Sielk.), B.Com., Dipl. Marknavorsing, RGN

M. Steyn, B.A.(Hons.), RGN

F. Paton, B.Cur., B.A.(Cur.) (Hons.), Dipl. Gev. Verpl., GAV, GVV, GPV, GGV, Gereg. Dosent, SAVV

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Uitvoerende Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0326 3

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1986

Gedruk en uitgegee deur die RGN in samewerking met die SAVV

ERKENNING

'n Spesiale woord van dank aan mej. Sandra Potgieter van die Instituut vir Kommunikasienavorsing vir haar besondere bydrae tot hierdie projek:

- * Hulp met die rekenaarverwerking van data
- * Tik van die verslag op 'n woordverwerker
- * Redigering en persklaarmaking van finale verslag.

INHOUDSOPGAW

Abstract	xi
Opsomming	xii

HOOFSTUK

1.	INLEIDING, DOEL EN METODE	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Doelstellings van die projek	4
1.3	Metode van ondersoek	4
1.3.1	Vraelys	4
1.3.2	Steekproef	10
1.3.3	Verwerking en aanbieding van resultate	14
2.	DEEL 1 VAN DIE VRAELYS - ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSVERENIGING	15
2.1	Verwerking en aanbieding van die gegewens	15
2.1.1	Individuele items	15
2.1.2	Behoefte- en evalueringsvelde	15
2.2	Bevindings	18
2.2.1	Individuele items	18
(1)	Insig in die werkzaamhede van die SAVV	18
(2)	Behoeftes aan en evaluering van die SAVV se werkzaamhede	20
(a)	Behoeftes en voorkeure	22
(b)	Evaluering	23
2.2.2	Behoefte- en evalueringsvelde	25
(1)	Behoefteveld	25
(2)	Evalueringveld	28
3.	DEEL 2 VAN DIE VRAELYS - MOREEL EN WERKTEVREDENHEID	31
3.1	Oorsig, verwerking en aanbieding van gegewens	31
3.1.1	Oorsig van gegewens	31
3.1.2	Verwerking van gegewens	31
(1)	Toets vir eendimensionele konstruk	32
3.1.3	Aanbieding van gegewens	33
3.2	Bevindings	33
3.2.1	Moreel van die ondersoekgroep	33
(1)	Globale beeld van die moreel van die ondersoekgroep	33
(2)	Uiteensetting van response per vraag in die moreelskaal	35
(3)	Vergelyking tussen subgroepe met betrekking tot hul moreeltelling	39
3.2.2	Werktevredenheid van die ondersoekgroep	42
(1)	Globale beeld van die mate van werktevredenheid	42
(2)	Vergelyking tussen subgroepe met betrekking tot hul werktevredenheid	44
4.	DEEL 3 VAN DIE VRAELYS - VERPLEEGNUUS: LEESPATRONE EN BEHOEFTES	47
4.1	Oorsig	47
4.2	Verwerking en aanbieding van die gegewens	47
4.3	Bevindings	48
4.3.1	Ontvangs van VERPLEEGNUUS	48
4.3.2	Algemene leespatroon	53
4.3.3	Leespatrone van gegewe inhoudsgebiede	57

4.3.4	Leesbehoefte	62
4.3.5	Reaksie op advertensies	66
4.3.6	Lesertal	68
5.	SAMEVATTING	70
5.1	Doel en metode	70
5.2	Metode van ondersoek	70
5.2.1	Vraelys	70
5.3	Samevatting van bevindings	71
5.3.2	Behoeftes en evaluering van die werkzaamhede van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging (SAVV)	71
5.4	Moreel en werktevredenheid	74
5.5	VERPLEEGNUUS: leespatrone en behoeftes	75
	BRONNELYS	78
	BYLAE A	79
	BYLAE B	99
	BYLAE C	111

LYS VAN TABELLE

TABEL 1.1	FREKWENSIEVERDELING VAN GEREALISEERDE STEEKPROEF VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN VERPLEEGKATEGORIE
TABEL 2.1	F-WAARDES UIT DIE ANOVA-ONTLEDINGS WAT OP DIE BEHOEFTEVELD UITGEVOER IS
TABEL 2.2	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS OP DIE BEHOEFTEVELD VOLGENS VERPLEEGKATEGORIE
TABEL 2.3	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS OP DIE BEHOEFTEVELD VOLGENS TAAL VOLGENS DIE SAVV-REKORDS
TABEL 2.4	F-WAARDES UIT DIE ANOVA-ONTLEDINGS WAT OP DIE EVALUERINGSVELD UITGEVOER IS
TABEL 2.5	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE EVALUERINGSVELD VOLGENS BEVOLKINGSGROEP
TABEL 2.6	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE EVALUERINGSVELD VOLGENS REGISTRASIETAAL
TABEL 2.7	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE EVALUERINGSVELD VOLGENS STREEK
TABEL 3.1	PERSENTASIEVERDELING VAN GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE MOREELSKAAL GEKATEGORISEER IN VIER KATEGORIEË
TABEL 3.2	PERSENTASIEVERDELING VAN INTERNE EN EKSTERNE MOREELVRAE
TABEL 3.3	VARIANSIEONTLEDING - MOREEL
TABEL 3.4	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN MOREEL VOLGENS DIE TAAL OP REKORD BY DIE SAVV
TABEL 3.5	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN MOREEL VOLGENS DIE WERKPLEK VAN DIE RESPONDENTE
TABEL 3.6	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN MOREEL VOLGENS DIE VERSKILLENDE VERPLEEGKATEGORIEË VAN RESPONDENTE
TABEL 3.7	PERSENTASIEVERDELING VAN GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE WERKTEVREDENHEIDSKAAL GEKATEGORISEER IN VIER KATEGORIEË
TABEL 3.8	VARIANSIEONTLEDING - WERKTEVREDENHEID
TABEL 3.9	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE MOREEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP
TABEL 3.10	VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN WERKTEVREDENHEID VOLGENS DIE VERSKILLENDE VERPLEEGKATEGORIEË
TABEL 4.1	PERSENTASIE RESPONDENTE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN KATEGORIE WAT VERPLEEGNUUS ONGEREELD EN GEREELD ELKE

MAAND ONTVANG

TABEL 4.2 PERSENTASIEVERDELING VAN DIE LEESPATRONE VOLGENS
VERPLEEGKATEGORIE

TABEL 4.3 PERSENTASIE RESPONDENTE IN VERSKILLENDEN
VERPLEEGKATEGORIEË WAT AANGEDUI HET DAT HULLEN
MEESTAL/ALTYD SPESIFIEKE INHOUD VAN VERPLEEGNUUS LEES

TABEL 4.4 PERSENTASIES IN VERSKILLENDEN VERPLEEGKATEGORIEË WAT
AANGEDUI HET DAT HULLEN IN VERPLEEGNUUS WIL LEES OOR
GESELEKTEERDE* INHOUDSGBIEDE

TABEL 4.5 GETAL PERSONE WAT VERPLEEGNUUS LEES

LYS VAN FIGURE

- FIGUUR 1.1 DRIE-DIMENSIONELE HISTOGRAM VAN VRAELYTE TERUGONTVANG
TEENOR VRAELYTE NIE TERUGONTVANG NIE VOLGENS
BEVOLKINGSGROEP EN VERPLEEGKATEGORIE
- FIGUUR 2.1 PERSENTASIEVERDELING TEN OPSIGTE VAN RESPONDENTE WAT 'N
BEHOEFTE HET AAN DIE HUIDIGE WERKSAAMHEDE VAN DIE SAVV
EN HUL EVALUERING DAARVAN *
- FIGUUR 3.1 STAND VAN MOREEL TEN OPSIGTE VAN DIE TOTALE
ONDERSOEKSGROEP
- FIGUUR 3.2 PERSENTASIEVERDELING VAN DIE ITEMS VAN DIE MOREELSKAAL
- FIGUUR 3.3 MATE VAN WERKTEVREDENHEID TEN OPSIGTE VAN DIE TOTALE
ONDERSOEKSGROEP
- FIGUUR 4.1 PERSENTASIEVERDELING VAN DIE GEREELDHEID VAN ONTVANGS
VAN VERPLEEGNUUS DEUR RESPONDENTE
- FIGUUR 4.2 "HOE GEREELD ONTVANG U VERPLEEGNUUS?"
- FIGUUR 4.3 "HOE GEREELD ONTVANG U 'N KOPIE VAN VERPLEEGNUUS?"
PERSENTASIEVERDELING VOLGENS VERPLEEGKATEGORIE
- FIGUUR 4.4 PERSENTSIEVERDELING VAN DIE ALGEMENE LEESPATROON TEN
OPSIGTE VAN VERPLEEGNUUS
- FIGUUR 4.5 PERSENTASIEVERDELING VAN HOE GEREELD SPESIFIEKE
INHOUDSGBIEDE VAN VERPLEEGNUUS GELEES WORD
- FIGUUR 4.6 "HET U AL OP 'N ADVERTENSIE IN VERPLEEGNUUS GEREAGEER?"
- FIGUUR 4.7 HISTOGRAMVOORSTELLING VAN HOEVEEL ANDER PERSONE
RESPONDENTE SE KOPIE VAN VERPLEEGNUUS LEES (N=651)

A B S T R A C T

At the request of and in partnership with the South African Nursing Association (SANA) the HSRC undertook research to test members' insight into the activities of SANA, determine attitudes towards and needs regarding SANA, evaluate the morale and job satisfaction of people in the profession and to investigate the utilisation of the official newspaper, NURSING NEWS. The survey was done with a postal questionnaire sent to a representative sample of 2000 members (all population groups).

Results indicate that many of the respondents are not fully informed on the aim and functions of SANA. A strong need regarding all the present activities of SANA was expressed although in general the evaluation of these activities was negative.

As a whole the findings of the investigation indicate a very healthy morale among the respondents as well as a high level of job satisfaction. Seniors in the job situation as well as the employer are factors which have a negative influence on morale.

Ninety-four percent of the respondents read most of the contents of NURSING NEWS or selected parts thereof. Articles which are preferred by the respondents and for which they indicated a need are those dealing with developments in the field of nursing and health.

O P S O M M I N G

Die RGN het op versoek van en in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging (SAVV) navorsing onderneem om lede se insig in die werksaamhede van die SAVV te toets, houdings teenoor en behoeftes ten opsigte van die SAVV te peil, die moreel en werktevredenheid van beoefenaars van die beroep te evalueer en die benutting van die amptelike nuusblad VERPLEEGNUUS te ondersoek. Die opname is uitgevoer met 'n posvraelys wat aan 'n verteenwoordigende steekproef van 2000 lede (alle bevolkingsgroepe) gestuur is.

Resultate dui daarop dat baie respondente nie ten volle bekend is met die doel en funksies van die SAVV nie. 'n Sterk behoefte is ten opsigte van al die huidige werksaamhede van die SAVV uitgespreek ofskoon hierdie werksaamhede oor die algemeen negatief geëvalueer is.

Globaal gesien dui die bevindinge van die ondersoek op 'n baie gesonde moreel van die ondersoekgroep asook op 'n hoë mate van werktevredenheid. Seniors in die werksituasie asook die werkgewer self is faktore wat negatief inwerk op moreel.

Vier-en-negentig persent van die respondente lees die meeste van die inhoud van VERPLEEGNUUS of selektiewe gedeeltes daarvan. Berigte waaraan respondente voorkeur verleen en 'n behoefte aan het is dié wat oor ontwikkelings op verpleeg- en gesondheidsgebied handel.

HOOFSTUK 1

INLEIDING, DOEL EN METODE

1.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging (SAVV) is die professionele vereniging en amptelike mondstuk van die verpleegberoep in Suid-Afrika. Die Vereniging se doelstellings soos vervat in sy grondwet behels die volgende:

- om die ontwikkeling van 'n toereikende, doeltreffende en bekwame verpleegdiens in die RSA te bevorder
- om die status te verhoog, die integriteit te handhaaf en die belange van die beroep verpleging en verloskunde te bevorder
- om enige aangeleentheid wat verband hou met of invloed het op die beroep verpleging en verloskunde te oorweeg en in verband daarmee op te tree
- om alle handeling te verrig wat nodig is vir of in verband staan met bostaande oogmerke en om die belange van die Vereniging en sy lede te beskerm en te bevorder.

Lidmaatskap van die SAVV is volgens wet verpligtend vir alle geregistreerde en ingeskrewe verpleegkundiges en

verpleegassistente wat hul beroep in die RSA vir wins praktiseer sowel as vir alle persone nog in opleiding. Daarbenewens kan verpleegkundiges ook as nie-praktiserende lede by die Vereniging aansluit. Tans het die Vereniging ongeveer 125 000 lede.

Uit bogenoemde gegewens is dit voor-die-hand-liggend dat die SAVV waarskynlik die grootste professionele vereniging in die land is. Die Vereniging moet gevolglik voorsiening maak vir wyd-uiteenlopende behoeftes by hulle lede wat 'n wye spektrum van sosiaal-ekonomiese groepe verteenwoordig en in 'n verskeidenheid van situasies in die gesondheidsdiensstruktuur werk.

Aan die begin van 1985 is 'n kommunikasieafdeling by die hoofkantoor van die Vereniging geskep met die doel om die beeld van die beroep en die Vereniging na binne en na buite te bevorder. In hierdie afdeling het die behoefte ontstaan aan inligting oor lede se insig in die werksaamhede van die Vereniging, die verwagtinge wat lede ten opsigte van hul vereniging het en die mate waarin lede ervaar dat aan hulle verwagtings voldoen word.

In samehang met die algemene doelstellings van die Vereniging is dit ook nodig om die stand van moreel en die mate van werktevredenheid in die verpleegberoep te ondersoek.

Aangesien VERPLEEGNUUS die amptelike mondstuk van die

Vereniging is wat maandeliks teen hoë koste aan lede gestuur word, ontstaan die vraag of dit aan sy doel beantwoord. Tipiese vrae wat in dié verband opduik is:

Hoe gereeld ontvang lede hul VERPLEEGNUUS?

Wat is die algemene leespatroon onder lede?

Wat is die leesbehoeftes onder verskillende kategorieë lede? Ensovoorts.

In die lig van bostaande problematiek het die SAVV besluit om 'n wetenskaplik gegronde ondersoek te onderneem.

Begroning van navorsing van hierdie aard word ook gevind in onlangse publikasies van Bergman (1983) en Kotze (1984). In haar artikel het Rebecca Bergman onder die inhoudsgebied navorsing oor 'n verpleegstersvereniging gesê dat:

"It certainly should carry out or order studies related to the association, such as membership satisfaction and involvement" (Bergman, 1983, p 20).

Kotze (1984, p 18) sluit hierby aan deur te sê

"Die Vereniging moet ook intern sy huis in orde hou, bepaal wát sy beeld in die beroep self belemmer en bevorder, wát die beroep van hom verwag."

Die RGN is om navorsingshulp genader en daar is ooreengekom

om die projek op 'n vennootskapsbasis tussen die RGN en die SAVV te onderneem.

1.2 DOELSTELLINGS VAN DIE PROJEEK

In aansluiting by die agtergrondgegewens in die vorige paragraaf kan die spesifieke doelstellings van die projek soos volg saamgevat word:

- om lede se insig in die werksaamhede van die SAVV te toets
- om die algemene houding van lede teenoor die SAVV te peil
- om menings van lede oor bepaalde aspekte rakende die werksaamhede van die SAVV te ontlok
- om 'n waardering van die moreel en werktevredenheid van die verpleegberoep te doen
- om lede se algemene leespatroon van VERPLEEGNUUS te ondersoek, die frekwensie waarvolgens VERPLEEGNUUS ontvang word te ontleed asook lede se behoeftes ten opsigte van VERPLEEGNUUS te identifiseer.

1.3 METODE VAN ONDERSOEK

1.3.1 Vraelys

Die opname is uitgevoer met behulp van 'n posvraelys wat volgens adresse op die ledelyste van die SAVV uitgestuur is. Die vraelys is vooraf uitgetoets op 'n aantal lede, spesifiek ten opsigte van die helderheid van stelwyse van die vrae. Enkele probleme en/of aanbevelings wat tydens die

voorstudie aangedui is, is in die vraelys reggestel en daar word dus aanvaar dat die vraelys met redelike gemak en met min, indien enige, onduidelikheid deur respondente ingevul kon word. Daar is voorsiening gemaak vir vraelyste in Afrikaans en Engels wat volgens die taalvoorkeure van die lede uitgestuur is.

Met uitsondering van Hoppock se gestandaardiseerde skaal vir die meting van werktevredenheid, wat oorgeneem is, is die vraelys deur die navorsingspan ontwerp.

Die vraelys het vier dele (die volledige vraelys verskyn in bylae A).

DEEL 1 - ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSVERENIGING

Die eerste twee vrae (verwysing 11 en 12) van hierdie deel is uitsluitlik daarop gemik om lede se insig in die werksaamhede van die SAVV te toets.

Die daaropvolgende 28 vrae (verwysing 13 tot 40) het betrekking op die volgende doelstellings:

- om 'n algemene beeld van lede se insig in die werksaamhede van die SAVV te verkry
- om die algemene houding van lede teenoor die SAVV te peil
- om menings van lede oor bepaalde aspekte rakende die werksaamhede van die SAVV te ontlok.

Hierdie vrae is in pare gestel waarvan die eerste vraag telkens betrekking het op die peiling van lede se behoefte of voorkeur ten opsigte van die huidige aktiwiteite van die SAVV en die tweede vraag op die evaluering van die betrokke aktiwiteite.

Daar is aanvaar dat die vrae van so 'n aard is dat alle respondente wel 'n mening sou kon uitspreek en waarskynlik nie 'n behoefte aan 'n neutrale of middel-antwoordkategorie sou ervaar nie. Die antwoordmoontlikhede is derhalwe volgens 'n vierpuntskaal opgestel wat die respondent sou "forseer" om of 'n positiewe of 'n negatiewe mening te gee. Volgens hierdie uitgangspunt is daar dus nie vir 'n "weet nie"-respons voorsiening gemaak nie. Die aanname is verder gemaak dat die intervale van die skale gelyk is, wat toelaat vir rekenkundige bewerkings of byvoorbeeld totale of gemiddeldes van groepe vrae.

Die vrae van deel 1 is opgestel om voorsiening te maak vir elk van die ses inhoudsgebiede van 'n vereniging se rol volgens die model van Bergman (1983).

Hierdie ses inhoudsgebiede van 'n vereniging se rol is soos volg:

- Kernegebied, of intrinsieke waardes van verpleging (items 13 tot 18, 39 en 40). Die gebied behels aktiwiteite wat daarop gerig is om onder verpleegkundiges 'n waardering vir hulself as praktisyns en as lede van 'n professionele

groep te kweek. Dit het ook betrekking op etiese en historiese aspekte.

- Onderwys - (items 19 tot 22). Die inhoudsgebied het te make met die totale inset van die Vereniging ten opsigte van basiese en voortgesette verpleegonderwys.
- Diens en verpleegpraktyk (items 23 en 24). Die Vereniging se aktiwiteite wat gerig is op die bevordering van die gehalte van verpleging is hierby ingesluit. Voorbeelde is die stel van standarde vir personeelvoorsiening, fasiliteite en verpleegsorg.
- Navorsing (items 25 en 26). 'n Professionele vereniging behoort verpleegnavorsing te bevorder deur byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n navorsingsinstituut, verkryging van fasiliteite en fondse en deelname aan navorsing.
- Sosiaal-ekonomiese welsyn (items 27 tot 36). Aktiwiteite op die gebied verwys na die Vereniging se onderhandelinge vir beter diensvoorwaardes en spesiale voordele vir lede.
- Ontwikkeling van maatskaplike beleid (items 37 en 38). Hierdie is die Vereniging se politieke rol waarin hy wetgewing en beleid oor maatskaplike en gesondheidsvraagstukke, gesondheidsmannekrag en gesondheidsdienste en so meer beïnvloed.

In hierdie gedeelte is gepoog om 'n moreelpeiling onder lede van die verpleegberoep asook 'n peiling van die mate van werktevredenheid wat deur die lede van die beroep ervaar word, te doen.

Die eerste elf vrae (verwysing 41 tot 51) dien as die moreelskaal en die laaste vier vrae (verwysing 52 tot 55) as die werktevredenheidskaal. Die elf vrae van die moreelskaal is gebaseer op die konseptuele analise van die begrip volgens Van Rensburg (1984). Hiervolgens is moreel soos volg gedefinieer:

" moreel is die mate waarin 'n persoon van wie sekere gedrag verwag word uit hoofde van sy posisie of in die afhandeling van sy taak, psigies gereed is om aan die verwagtinge te voldoen" (Van Rensburg, 1984, p.41).

Elkeen van die elf items in die skaal is gevolglik opgestel vanuit hierdie raamwerk en poog telkens om die mate waarin die respondent aan die onderliggende psigiese eis voldoen, te toets.

Die werktevredenheidskaal is opgestel deur Hoppock in 1935. Ofskoon die skaal dus reeds 50 jaar gelede opgestel is en talle ander skale sedertdien ontwikkel is, het McNichols, Stahl en Manley so onlangs as 1978 die validasie van die

skaal ontleed en die volgende daaroor opgemerk:

" The authors consequently suggest its use as a compromise between the lengthy, sophisticated job satisfaction instruments and the unvalidated satisfaction questions often found in survey questionnaires" (McNichols, Stahl en Manley, 1978 , p.741).

DEEL 3 - VERPLEEGNUUS

Die derde deel van die vraelys bevat hoofsaaklik gedragsvrae wat daarop afgestem is om aan te dui hoe gereeld die respondent VERPLEEGNUUS ontvang, hoe sy/hy normaalweg die koerant lees en hanteer en watter gedeeltes hoofsaaklik in die leesvoorkeur van die respondent val. 'n Ongestruktureerde vraag is ook gestel ten einde die respondent die geleentheid te bied om aan te dui aan watter soort inhoud daar 'n behoefte bestaan. Enkele vrae oor die moontlike trefwydte en trefkrag van advertensies is ook gestel.

DEEL 4 - ALGEMENE INLIGTING

In die finale gedeelte van die vraelys word vyf vrae gestel waarvolgens die respondente in die ondersoekgroep in vyf verskillende subgroepe verdeel kan word, naamlik:

- die pos wat die respondent beklee
- werkgewer

- die soort instansie waar die respondente werk
 - bevolkingsgroep
-
- en laastens die SAVV-streek

Die rede waarom die biografiese vrae oor die respondente aan die einde van die vraelys geplaas is, is tweërlei:

- in die eerste plek het die navorsers gepoog om die respondente se belangstelling by die wesentlike inhoud van die vraelys te behou deur die respondente so gou moontlik in kontak te bring met aktuele vrae eerder as die oninteressante tipe vrae wat 'n hele reeks persoonlike inligting van die respondente bekom sonder om aan te dui waaroor die vraelys eintlik gaan
- hierbenewens is die vrees gekoester dat indien die respondente die vraelys sou begin deur persoonlike besonderhede weer te gee, dit verkeerdelik 'n gevoel kon meebring dat identifikasie moontlik is, wat 'n inhiberende invloed op die response sou kon uitoefen.

1.3.2 Steekproef

Daar is besluit om 'n ewekansige nasionale steekproef van 2000 SAVV-lede wat proporsioneel gestratifiseer is volgens bevolkingsgroep en verpleegkategorie ewekansig te trek. Die vraelyste tesame met 'n gefrankeerde koevert is na hierdie lede gestuur volgens die jongste persoonlike adres bekend aan die SAVV. 'n Herinneringskennisgewing is ongeveer twee

weke na die vraelys uitgestuur in 'n-poging om maksimale teruglewering van vraelyste te bekom. Die uitstuur van die vraelys is voorafgegaan deur 'n redelike groot hoeveelheid publisiteit in VERPLEEGNUUS. Ondanks al hierdie pogings, insluitend 'n spesiale poging om 'n interessante en skoon voorkoms in die vraelys te skep, is slegs 669 vraelyste terugontvang. Dit verteenwoordig slegs 33 % van die uitgestuurde vraelyste en is uit 'n navorsingsoogpunt baie teleurstellend. Daar sal deurgaans in die behandeling van die resultate in ag geneem moet word dat die bevindings van twee derdes van die steekproef 'n onbekende faktor is. Die noodwendige konsekwensie hiervan is dat resultate wat baie positief of baie negatief is, toegeskryf kan word aan 'n bepaalde self-geselekteerde groep wat gereageer het en dus nie verteenwoordigend van die beroep is nie.

Wat wel egter bemoedigend is, is dat volgens die loglineêre ontledingstegniek (BMDP4F - kyk bylae C) geen interaksie tussen die veranderlikes kategorie en steekproef (waar steekproef die veranderlike is met twee peile, een vir die totale groep en een vir die groep wat gereageer het) of tussen die veranderlikes bevolkingsgroep en steekproef waargeneem is nie. Met ander woorde die respondente wat wel gereageer het, kan nie aan 'n bepaalde bevolkingsgroep of bepaalde kategorie verbind word nie. Aangesien die steekproef slegs volgens hierdie twee veranderlikes gestratifiseer is, kon die teruggestuurde vraelyste slegs vir die moontlike invloed van hierdie twee veranderlikes getoets word. Die belangrikste faktor naamlik gesindheid

teenoor die opname kon nie gekontroleer word nie omdat dit een van die veranderlike faktore is waarvoor geen inligting beskikbaar is nie.

Die samestelling van die gerealiseerde steekproef, onderverdeel volgens bevolkingsgroep en verpleegkategorie, word in tabel 1.1 uiteengesit.

TABEL 1.1

FREKWENSIEVERDELING VAN DIE GEREALISEERDE STEEKPROEF VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN VERPLEEGKATEGORIE


Bevolkingsgroep	Geregistreerde verpleegkundige	Student-/leerling-verpleegkundige	Ingeskrewe verpleegkundige	Ingeskrewe verpleeg-assistent	Nie-praktiserend	TOTAAL
Blank	178	45	16	40	43	322
Kleurling	22	14	14	32	5	87
Indiër	10	4	0	0	0	14
Swart	80	26	34	70	18	228
Ander*	5	0	2	1	10	18
TOTAAL	295	89	66	143	76	669

* Nie aangedui nie.

In figuur 1.1 word 'n grafiese vergelyking getref tussen die aantal vraelyste wat uitgestuur is en die wat terugontvang is.

FIGUUR 1.1

DRIE-DIMENSIONELE HISTOGRAM VAN
 VRAELYS TE TERUGONTVANG TEENOR VRAELYS TE NIE TERUGONTVANG
 NIE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN VERPLEEGKATEGORIE



1.3.3 Verwerking en aanbieding van resultate

Omdat hierdie studie uiteenlopende doelstellings het, is 'n verskeidenheid statistiese tegnieke en toetse asook verskillende grafiese voorstellings gebruik. Die tegnieke en voorstellings sal waar van toepassing by die bevindings van elke afdeling bespreek word.

HOOFSUK 2

DEEL 1 VAN DIE VRAELYS

ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSVERENIGING

2.1 VERWERKING EN AANBIEDING VAN DIE GEGEWENS

2.1.1 Individuele items

Eerstens is die dertig vrae wat in hierdie afdeling ingesluit is individueel aan die hand van persentasietabelle bespreek. Die gegewens is telkens vir die totale ondersoekgroep gesamentlik ondersoek. Slegs in enkele gevalle is interessantheidsonthalwe drie-dimensionele histogramme ingesluit waarin die verdeling volgens bevolkingsgroep en verpleegkategorie uiteengesit is.

2.1.2 Behoeft- en evalueringsvelde

Twee velde is uit die individuele items (vrae) saamgestel, naamlik 'n behoefteveld (14 items) wat al die items insluit wat betrekking het op die respondente se behoefte of voorkeur aan die werksaamhede van die SAVV en 'n evalueringsveld wat soos later sal blyk vir 15 items bestaan wat die respondente se evaluering van die SAVV (bylae A) behels.

'n Totaaltelling is verkry deur die tellings wat 'n respondent op elke vraag in die onderskeie velde behaal het bymekaar te tel. 'n Optimale skaleringstegniek is gebruik om

'n alternatiewe samestelling van die items in elke veld te verkry maar aangesien die korrelasie tussen hierdie geskaleerde totaalstelling en die suiwer totaalstelling in albei gevalle baie hoog was (behoefte 0,96 en evaluering 0,99) is besluit om die suiwer totaalstelling te gebruik. Die minimum totaalstelling wat 'n respondent op die behoefteveld kon behaal, indien hy/sy op al die vrae "nee, glad nie" geantwoord het, is 14 en die maksimum indien hy/sy op al die vrae "Ja beslis" geantwoord het, is 56. Op die evalueringveld is die minimum 15 indien die respondent op elke vraag "doen omtrent niks" geantwoord het en die maksimum 60 indien hy/sy "doen genoeg" geantwoord het.

Variansie-ontleding (ANOVA) is op die totale behoefteveld en die totale evalueringveld uitgevoer om vas te stel watter van die verklarende veranderlikes 'n verband toon met die behoeftes en evaluering van die respondente.

Die verklarende veranderlikes (voorspellers) wat vervolgens in die variansie-ontleding gebruik is, is die volgende (die kategorieë van elke veranderlike word aangedui):

VERPLEEGKATEGORIE:	N	%
- geregistreerde verpleegkundiges	295	45
- ingeskrewe verpleegkundiges	66	10
- student-/leerlingverpleegkundiges	89	14
- verpleegassistente	143	22
- nie-praktiserendes	65	10

(Elf respondente het nie die vraag beantwoord nie.)

WERKGEWER:	N	%
- openbare sektor	420	64
- private sektor	147	23
- nie-praktiserendes	85	13

(Sewentien respondente het nie die vraag beantwoord nie.)

WERKPLEK:	N	%
- hospitaal	423	64
- buite die hospitaal/hoofkantoor/ opvoedkundige dienste	143	22
- nie-praktiserendes	91	14

(Twaalf respondente het nie die vraag beantwoord nie.)

BEVOLKINGSGROEP:	N	%
- Blankes	322	50
- Kleurlinge/Indiërs	101	16
- Swartes	228	35

(Agtien respondente het nie die vraag beantwoord nie.)

TAAL OP SAVV-REKORDS:	N	%
- Afrikaans	214	32
- Engels	455	68

STREEK:	N	%
- Wes-Kaap	112	17
- Oos-Kaap	74	11
- Noord-Kaap	15	2
- Oranje-Vrystaat	50	8
- Natal	112	17
- Witwatersrand en Vaaldriehoek	82	13
- Transvaal	188	29
- Weet nie	24	4

(Twaalf respondente het nie die vraag beantwoord nie.)

In die gevalle waar die ANOVA-ontledings aangedui het dat verbande tussen die afhanklike veranderlike (behoefteveld of evalueringsveld) en van die verklarende veranderlikes bestaan, is verdere verwerkings deur middel van die DUNCAN-tegniek gedoen ten einde vas te stel watter kategorieë van die onafhanklike veranderlikes betekenisvol van mekaar verskil. Hierdie tegniek (SAS USER'S GUIDE, 1982) is 'n meervoudige vergelykingsprosedure wat neerkom op die toetsing van verskille tussen gemiddeldes.

2.2 BEVINDINGS

2.2.1 Individuele items

(1) Insig in die werksaamhede van die SAVV

Dië eerste twee vrae in hierdie deel is daarop gemik om die respondente se insig in die werksaamhede van die SAVV te

toets. Eerstens is daar gevra of die respondente dink hulle weet genoeg van die presiese doel en funksies van die SAVV om dit in eenvoudige taal te verduidelik. Die persentasieverdeling van die totale groep respondente (N=669) op hierdie vraag was soos volg:

Ja, beslis	23,9 %
Ja, in 'n mate	52,3 %
Nee, nie eintlik nie	19,2 %
Nee, glad nie	4,5 %

Minder as 'n kwart van die respondente het te kenne gegee dat hulle beslis 'n verduideliking sou kon gee, terwyl bykans 'n kwart gemeen het dat hulle glad nie of nie eintlik 'n verduideliking sou kon gee nie.

Op die vraag of die respondente voel dat hulle al persoonlik voordeel gekry het uit iets wat die SAVV gedoen het, was die reponse nog minder gunstig:

Ja, beslis	19,5 %
Ja, in 'n mate	26,9 %
Nee, nie eintlik nie	35,6 %
Nee, glad nie	18,0 %

Die meerderheid van die respondente was van mening dat hulle nog glad nie of nog nie eintlik sodanige voordeel ervaar het nie, terwyl slegs eenvyfde aangedui het dat hulle beslis voordeel uit die SAVV se werksaamhede getrek het.

Bogenoemde bevindings dui daarop dat daar wel leemtes in die
respondente se insig oor die werksaamhede van die SAVV
bestaan.

(2) Behoeftes aan en evaluering van die SAVV se werksaamhede

In figuur 2.1 word 'n uiteensetting gegee van die
respondente se reaksies op die 28 vrae oor hul behoeftes met
betrekking tot die werksaamhede van die SAVV en hul
evaluering van die SAVV. Aangesien die vrae telkens in pare
gestel is, word die resultate van elke paar vrae langs
mekaar gegee. Slegs die persentasies word gegee en dit word
verskaf vir die hele ondersoekgroep gesamentlik.

FIGUUR 2.1

PERSENTASIEVERDELING TEN OPSIGTE VAN RESPONDENTE WAT 'N BEHOEFTE HET AAN DIE HUIDIGE WERKSAAMHEDE VAN DIE SAVV EN HUL EVALUERING DAARVAN *

BEHOEFTE

EVALUERING

	Ja beslis	Ja, ek dink tog so	Nee nie eintlik nie	Nee glad nie
1. Groepsgevoel		66	31	2
2. Beroep se naam		89		10
3. Seggenskap van lede		69	27	3
4. Verpleegkursusse		66	29	4
5. Inligtingdiens		82		14
6. Gehalte van verpleegsorg		80		17
7. Verpleegnavorsing		72	25	3
8. Salarisse		85		11
9. Ander diensvoorwaardes		80		16
10. Spesiale aanbiedings		68	25	5
11. Beskerm teen eise		77		17
12. Probleme met werkgewers		70	23	5
13. Gesondheidsake		77		19
14. Indruk van beroep		86		12

	Doen genoeg	Kan n bietjie meer doen	Kan heel= wat meer doen	Doen om= trent niks
	15	39	40	7
	30	35	31	4
	23	32	36	10
	26	38	34	2
	36	37	25	3
	21	39	35	5
	20	38	38	4
	11	31	45	14
	15	34	41	10
	22	39	31	8
	35	30	26	9
	20	33	32	15
	29	33	31	8
	24	33	35	8

* Die volledige vraelys verskyn in bylae A.

(a) Behoeftes (voorkeure)

Wanneer gekyk word na die persentasieverdeling ten opsigte van behoeftes blyk dit dat tweederdes en meer van die respondente telkens aangedui het dat hulle beslis sou verkies dat die SAVV die betrokke werksaamhede moet verrig (figuur 2.1). In sommige gevalle het meer as 80 % so 'n besliste voorkeur aangedui:

Die SAVV moet help om die beroep se naam hoog te hou	89 %
Die SAVV moet help om 'n goeie beeld van die beroep te skep	86 %
Die SAVV moet onderhandel vir beter salarisse	85 %
Die SAVV moet 'n inligtingdiens aan lede lewer	82 %
Die SAVV moet onderhandel vir beter diensvoorwaardes	80 %
Die SAVV moet die gehalte van verpleegsorg bevorder	80 %

Uit die resultate van die eerste twee items blyk dit duidelik dat die respondente veral wil hê dat die beeld van die beroep bevorder moet word. Terselfdertyd het die respondente ook 'n groot behoefte daaraan dat die SAVV moet onderhandel om die lede se beroepsvoordele, veral salarisse, te verbeter. Voorts het die respondente ook 'n besliste behoefte daaraan dat die SAVV 'n inligtingsdiens (publikasies, verslae en nuusblad) moet hê en 'n inset moet lewer om die gehalte van verpleegsorg te bevorder. Vir 'n verdeling van bogenoemde ses items volgens bevolkingsgroep

en verpleegkategorie kyk figure 2.2 tot 2.7 (bylae B).

As daar voorts gekyk word na die persentasies respondente wat enigsins (ja, beslis; ja, ek dink tog so) 'n behoefte uitgespreek het aan die 14 verskillende werksaamhede, blyk dit dat tussen 93 en 99 % wil hê dat die SAVV die onderskeie funksies moet uitvoer. Daar is dus slegs tot 7 % (verkryging van spesiale aanbiedings, afslagpryse en groepversekering) van die respondente wat voel dat dit glad nie of nie eintlik vir die SAVV nodig is om aandag aan die verskillende funksies van 'n professionele vereniging te skenk nie (figuur 2.1).

(b) Evaluering .

Wat die evaluering van die SAVV ten opsigte van die onderskeie funksies betref, kom daar egter 'n minder positiewe beeld na vore. Oor die algemeen het tussen 28 en 59 % van die respondente te kenne gegee dat die SAVV na hul mening heelwat meer kan doen of dat hulle omtrent niks ter bevordering van die onderskeie aangeleenthede doen nie (figuur 2.1).

Die items wat die negatiefste (kan heelwat meer doen, doen omtrent niks) deur die respondente beoordeel is, is die volgende:

Die SAVV moet onderhandel vir beter salarisse	59 %
Die SAVV moet onderhandel vir beter diensvoorwaardes	51 %
Die SAVV moet help met die oplossing van lede se probleme met werkgewers	47 %
Die SAVV moet 'n groepsgevoel onder lede bevorder	47 %
Die SAVV moet vir elke lid 'n kans gee om sy/haar sê te sê	46 %
Die SAVV moet help om 'n goeie beeld van die beroep te skep	43 %

Die resultate dui daarop dat die meerderheid van die respondente nie van mening is dat daar veel gedoen word om hul salarisse en ander diensvoordele te verbeter nie. Daar is selfs soveel as 14 % wat meen dat die SAVV omtrent niks doen om hul salarisse te verbeter nie en 10 % wat meen dat omtrent niks gedoen word om hul ander diensvoordele te verbeter nie (figuur 2.1). Vyftien persent van die respondente was ook van mening dat omtrent niks gedoen word om hulle te help om probleme met hul werkgewers op te los nie. 'n Verdeling van hierdie ses items volgens bevolkingsgroep en verpleegkategorie verskyn in figure 2.8 tot 2.13 (bylae B).

Dit is interessant om daarop te let dat drie van die werksaamhede (bevordering van salarisse, bevordering van

diensvoorwaardes en die skep van 'n goeie beeld van die beroep) wat voorgekom het onder die waaraan die sterkste behoefte onder die respondente bestaan ook voorgekom het onder die wat die negatiefste geëvalueer is.

Werksaamhede wat redelik positief (doen genoeg; kan 'n bietjie meer doen) geëvalueer is, is onder andere (figuur 2.1):

Die SAVV moet 'n inligtingdiens aan lede lewer	73 %
Die SAVV moet help om die beroep se naam hoog te hou	65 %
Die SAVV moet help om lede teen die eise van pasiënte te beskerm	65 %

2.2.2 Behoefte- en evalueringvelde

Die behoefteveld behels al 14 behoeftevrae wat in figuur 2.1 opgeneem is, terwyl die evalueringveld die 14 evalueringvrae in die tabel insluit sowel as die vraag of die respondente voel dat hulle al ooit persoonlike voordeel uit die SAVV se werksaamhede getrek het.

(1) Behoefteveld

Resultate van die ANOVA- en DUNCAN-prosedures ten opsigte van die behoefteveld word vervolgens bespreek.

Die ses voorspellers het geamentlik 8 % van die variasie in die data van die behoefteveld verklaar.

Die F-waardes (wat die betekenisvolheid van elke voorspeller aandui) wat uit die ANOVA-ontleding verkry is, word in tabel 2.1 verstrekk. 'n Betekenispeil van 5 % is as afsnypunt gebruik. Indien die oorskrydingswaarde dus kleiner as 0,05 is, bestaan daar 'n betekenisvolle verband tussen die voorspeller en die afhanklike veranderlike.

TABEL 2.1

F-WAARDES UIT DIE ANOVA-ONTLEDING WAT OP DIE BEHOEFTEVELD UITGEVOER IS		
VOORSPELLERS	F-WAARDE	OORSKRYDINGS- WAARSKYNNLIKHEID
Verpleegkategorie	4,06	0,0030 *
Werkgewer	0,32	0,7255
Werkplek	0,05	0,9481
Bevolkingsgroep	2,67	0,0700
Taal volgens rekord	4,90	0,0273 *
Streek	1,58	0,1390

* Betekenisvol.

Uit tabel 2.1 is dit duidelik dat die enigste veranderlikes in die ontleding wat 'n rol speel verpleegkategorie en taal volgens die SAVV-rekords is.

'n DUNCAN-ontleding is vervolgens op hierdie twee veranderlikes gedoen.

TABEL 2.2

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS OP DIE BEHOEFTEVELD VOLGENS VERPLEEGKATEGORIE			
GROEPERING	GEMIDDELDE BEHOEFTE-TOTAALTELLING	N	VERPLEEGKATEGORIE
A	52,80	271	Geregistreeerde verpleegkundiges
A	52,38	53	Nie-praktiserendes
B	52,21	87	Ingeskrewe verpleegkundiges
B	50,90	62	Student-/leerling-verpleegkundiges
B	50,82	127	Verpleegassistent

TABEL 2.3

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS OP DIE BEHOEFTEVELD VOLGENS TAAL VOLGENS DIE SAVV-REKORDS			
GROEPERING	GEMIDDELDE BEHOEFTE-TOTAALTELLING	N	TAAL
A	52,28	402	Engels
B	51,62	198	Afrikaans

'n Betekenispeil van 0,05 % is as afsnypunt in die DUNCAN-ontleding gebruik.

Die tabelle waarin die meervoudige vergelykingsprosedure (DUNCAN) uiteengesit is, word geïnterpreteer op grond daarvan dat die gemiddeldes met dieselfde alfabetiese letter(s) nie betekenisvol van mekaar verskil nie. By die interpretasie van die gegewens moet in gedagte gehou word dat hoe hoër die gemiddelde is, hoe sterker is die behoefte. Die gemiddelde totaalteiling op die behoefteveld

vir die hele onderoekgroep gesamentlik was 52,06 op 'n skaal van 14 tot 56.

Volgens tabel 2.2 wil dit voorkom of geregistreeerde verpleegkundiges en die nie-praktiserendes 'n groter behoefte gehad het dat al die werksaamhede deur die SAVV verrig word as die ander drie kategorieë.

Wat taal betref, het die respondente wat as Engelssprekend op die SAVV-rekords aangedui is 'n betekenisvol hoër gemiddelde totaalstelling gehad as die wat as Afrikaanssprekend aangedui is (tabel 2.3).

Daar moet egter op gelet word dat hoewel hierdie verskille betekenisvol is, dit in albei gevalle baie klein is.

(2) Evalueringsveld

Vervolgens word die resultate van die ANOVA- en DUNCAN-ontledings op die evalueringsveld bespreek.

Diesleefde ses veranderlikes gesamentlik, het 9 % van die variasie in die data van die evalueringsveld verklaar.

TABEL 2.4

F-WAARDES UIT DIE ANOVA-ONTLEDING WAT OP DIE EVALUERINGSVELD UITGEVOER IS		
VOORSPELLER	F-WAARDE	OORSKRYDINGS- WAARSKYNLIKHEID
Verpleegkategorie	0,33	0,8561
Werkgewer	1,88	0,1539
Werkplek	1,11	0,3315
Bevolkingsgroep	8,73	0,0002 *
Taal op rekord	8,26	0,0042 *
Streek	4,17	0,0002 *

* Betekenisvol.

Hierdie tabel toon dat die enigste veranderlikes in die ontleding wat 'n rol gespeel het bevolkingsgroep, taal volgens rekord en streek was.

TABEL 2.5

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE EVALUERINGSVELD VOLGENS BEVOLKINGSGROEP			
GROEPERING	GEMIDDELDE EVALUERINGS- TOTAALTELLING	N	BEVOLKINGSGROEP
A	42,34	188	Swartes
B A	41,51	89	Kleurlinge/Indiërs
B	39,67	271	Blankes

TABEL 2.6

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE EVALUERINGSVELD VOLGENS REGISTRASIETAAL			
GROEPERING	GEMIDDELDE EVALUERINGS- TOTAALTELLING	N	TAAL
A	41,02	183	Afrikaans
A	40,82	365	Engels

TABEL 2.7

VERSKILLE IN-DIE-GEMIDDELDE-TOTAALTELLINGS-VAN-DIE-EVALUERINGSVELD VOLGENS STREEK			
GROEPERING	GEMIDDELDE EVALUERINGS-TOTAALTELLING	N	STREEK
A	42,57	44	Oranje-Vrystaat
A	42,54	92	Natal
A	42,52	65	Oos-Kaap
A	41,94	17	Weet nie
A	41,20	159	Transvaal
A	39,67	9	Noord-Kaap
A	38,65	92	Wes-Kaap
A	38,26	70	Witwatersrand/ Vaaldriehoek

Die gemiddelde totaalstelling vir die hele ondersoekgroep op die evalueringveld was 40,89 op 'n skaal van 15 tot 60. Volgens die gegewens is betekenisvolle verskille in die gemiddelde totaalstellings op die evalueringveld slegs ten opsigte van een veranderlike, naamlik bevolkingsgroep gevind (tabel 2.5). Die Blanke respondente het die werksaamhede van die SAVV statisties betekenisvol negatiewer geëvalueer as die Swart respondente, maar weer eens moet daarop gelet word dat die verskil baie klein is. Tabelle 2.6 en 2.7 toon dat hoewel die veranderlikes taal en streek by die variansie-ontleding 'n rol gespeel het die DUNCAN-ontleding nie verskille tussen die kategorieë aangedui het nie.

HOOFSTUK 3

MOREEL EN WERKTEVREDENHEID

DEEL 2 VAN DIE VRAELYS

3.1 OORSIG, VERWERKING EN AANBIEDING VAN GEGEWENS

3.1.1 Oorsig van gegewens

Hierdie gedeelte poog om 'n waardering van die stand van moreel te maak asook om die mate van werktevredenheid wat ervaar word te peil. Die eerste 11 vrae (41 tot 51) waarna verwys sal word as die moreelskaal, meet die moreel, terwyl die daaropvolgende vier vrae (52 tot 55), Hoppock se werktevredenheidskaal, die mate van werktevredenheid peil.

3.1.2 Verwerking van gegewens

Om mee te begin, is statistiese tegnieke aangewend om te bepaal of die 11 vrae van die moreelskaal statisties beduidend met mekaar interkorreleer ten einde 'n enkele moreeltelling te verkry deur sommering van die vrae. Die statistiese tegnieke wat vir hierdie doel gebruik is, is faktorontleding en optimale skalering. Alhoewel die skaal oor werktevredenheid reeds volledig gestandaardiseer is wat gebruik en verwerking van gegewens betref, is optimale skalering ook in die geval toegepas om vir betroubaarheid van data te kontroleer.

Hierna is variansieanalise op die totaaltellings van die

twee skale uitgevoer om te bepaal of daar statisties beduidende verskille voorkom tussen tellings wat deur bepaalde subgroepe behaal is, byvoorbeeld tussen verskillende kategorieë, verskillende streke, ensovoorts.

Ten slotte is die totaalstelling van die moreelskaal gekorreleer met die totaalstelling van die werktevredenheidskaal om te bepaal of daar 'n moontlike verband tussen die twee konstrukte is.

(1) Toets vir 'n eendimensionele konstruk

Faktorontleding van die vrae in die moreelskaal het daarop gedui dat daar waarskynlik meer as slegs een faktor (konstruk) teenwoordig is in die elf vrae. By herooring van die aanname waarop faktorontleding berus, naamlik dat die data van kontinue aard moet wees, is toegelaat vir die moontlikheid dat die vier antwoordmoontlikhede eerder kategoriees as kontinue data sou oplewer. In die lig hiervan is besluit om gevolglik eerder die tegniek van optimale skalering toe te pas in plaas van faktorontleding. Hierdie tegniek het die aanname statisties bevestig dat die elf vrae almal dieselfde konstruk meet. Op grond van 'n baie gunstige korrelasie van 0,75 tussen die geskaleerde totaalstellings en die suiwer totaalstelling is besluit om eenvoudigheidshalwe die suiwer totaalstellings as maatstaf te gebruik.

Aangesien die werktevredenheidskaal reeds gestandaardiseer

is wat die gebruik daarvan betref, is gehou by die aanbeveling om ook in dié geval die suiwer totaalstelling as maatstaf vir werktevredeheid te gebruik.

3.1.3 Aanbieding van gegewens

In die aanbieding van die gegewens word gebruik gemaak van persentasietabelle wat, waar moontlik, verder met statistiese grafika toegelig word. Aangesien die doel met die twee skale is om 'n enkele telling per skaal te verstrek, sal hoofsaaklik met die totaalstelling of gemiddelde telling van respondente gewerk word en slegs by wyse van uitsondering sal na individuele vrae verwys word.

3.2 BEVINDINGS


3.2.1 Moreel van die ondersoekgroep

(1) Globale beeld van die moreel van die ondersoekgroep

Figuur 3.1 is 'n voorstelling van die stand van moreel gebaseer op die gemiddelde itemtelling van die vrae in die moreelskaal. Hierdie gemiddelde telling is vervolgens gekategoriseer in vier kategorieë deur die interval tussen die minimum gemiddelde telling wat behaal kan word, naamlik 1 en die maksimum wat behaal kan word, naamlik 4 in vier gelyke intervalle te verdeel. Indien 'n respondent dus 'n gemiddelde telling tussen 1 en 1,74 behaal het, is hy/sy gekategoriseer as BAIE SWAK, ensovoorts tot 'n gemiddeld tussen 3,25 en 4 wat BAIE GOED is.

FIGUUR 3.1

STAND VAN MOREEL T.O.V. TOTALE ONDERSOEGGROEP



Uit die voorstelling van figuur 3.1 is dit duidelik dat die moreel van die onderoekgroep baie goed is en dat feitlik die totale groep se moreel òf baie goed òf redelik goed is. Die persentasies van die vier segmente volg in tabel 3.1

TABEL 3.1

PERSENTASIEVERDELING VAN GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE MOREELSKAAL GEKATEGORISEER IN VIER KATEGORIEË		
GEMIDDELDE ITEMTELLING	KATEGORIE	PERSENTASIE
1,00 - 1,74	BAIE SWAK	0 %
1,75 - 2,45	Redelik swak	3,6 %
2,50 - 3,24	Redelik goed	31,2 %
3,25 - 4,00	BAIE GOED	65,2 %
		100,0 %

(2) Uiteensetting van response per vraag in die moreelskaal


Figuur 3.2 toon 'n uiteensetting van die response op die vrae in die moreelskaal. Dit val dadelik op dat vraag 41 (Glo u dat u werk noodsaaklik is?) vir alle praktiese doeleindes geen negatiewe response opgelewer het nie. Dit is bemoedigend dat bykans negentig persent (89,8 %) baie positief gereageer en 9,7 % redelik positief gereageer het op die vraag. Slegs 0,5 % het negatief (baie negatief of redelik negatief) gereageer.

'n Verdere ontleding van figuur 3.2 dui daarop dat veral vrae 41, 43, 44, 47, 48 en 51 relatief hoë positiewe response ontlok het.

FIGUUR 3.2

DIE MOREELSKAAL

UITEENSETTING VAN RESPONSE OP ELKE ITEM



-36-

NIE BEANTWOORD

BAIE NEGATIEF

REDELIK NEGATIEF

REDELIK POSITIEF

BAIE POSITIEF

Die inhoud van hierdie vrae het almal betrekking op die respondent se eie beheer van die situasie, byvoorbeeld vraag 43 - "Ek is nie skaam vir my beroep nie" net so vraag 47 - "Ek sal my beroep verdedig", ensovoorts. Hierdie vrae kan as interne moreelvrae geklassifiseer word en het almal hoofsaaklik betrekking op die respondent se houding teenoor sy beroep of loopbaan.

Daarteenoor is dit veral vrae 42, 45, 46, 49 en 50 wat ten opsigte van die "baie positiewe" antwoordmoontlikheid aansienlik swakker gevaar het as die vorige vrae wat as interne moreelvrae beskou is. Hierdie vrae het weer met die uitsondering van nommer 46 betrekking op seniors in die werksituasie of direk met die werkgewer self. Dit is duidelik dat die respondent nie dieselfde mate van "beheer" het oor hierdie aspekte as in die geval van die interne moreelvrae nie, byvoorbeeld 45: "My seniors is onbillik", 49: "My werkgewer waardeer nie my dienste nie", ensovoorts. By wyse van kontras kan hierdie groep vrae as eksterne moreelvrae geklassifiseer word omdat die respondent nie soveel beheer het oor hierdie situasie nie en dit eerder deur eksterne faktore beïnvloed word.

Dit blyk dus, sonder om die uitspraak statisties te toets, dat ofskoon die algehele moreel in die ondersoekgroep kerngesond is, dit veral eksterne faktore soos seniors en die verhouding tussen werknemer en werkgewer is wat negatief inwerk op die moreel. Dit is ook moontlik dat alle respondente nie ewe sterk onderskeid getref het tussen hul

senior en hul werkgewer nie en dat hulle dus hul senior kon beskou het as hul werkgewer. Hierdie verskynsel is ook in 'n mate ervaar tydens die voorondersoek waarin die vraelys uitgetoets is.

Tabel 3.2 illustreer hierdie argument verder. Uit die tabel blyk dit baie duidelik dat die interne moreelvrae aansienlik hoër response in die kategorie BAIE POSITIEF ontlok het as in die kategorie NIE BAIE POSITIEF NIE. Hierteenoor het die eksterne moreelvrae feitlik deurgaans hoër response in die kategorie NIE BAIE POSITIEF NIE ontlok as in die kategorie BAIE POSITIEF.

TABEL 3.2

PERSENTASIEVERDELING VAN INTERNE EN EKSTERNE MOREELVRAE			
FAKTOR	VRAAG	BAIE POSITIEF	NIE BAIE POSITIEF NIE
INTERNE BEHEER - aspekte rondom die houdings van res- pondente teenoor hulle beroep	41	89,8	10,2
	43	69,2	30,8
	44	71,4	28,6
	47	78,5	21,5
	48	64,8	35,2
	51	68,8	31,2
EKSTERNE BEHEER - Aspekte rondom seniors en werkgewers	42	51,7	48,3
	45	21,8	78,2
	46	38,1	61,9
	49	41,2	58,8
	50	31,8	68,2

(3) Vergelyking tussen subgroepe met betrekking tot hul
moreeltelling

Die variansieontleding (ANOVA-ontleding) is met dieselfde voorspellers uitgevoer as die wat op die behoefte en evalueringsveld (kyk 2.1.2) gedoen is.

Die ses voorspellers gesamentlik, het 9,5 % van die variasie verklaar. Die F-waardes van die ses voorspellers en die oorskrydingswaarskynlikhede volg in tabel 3.3

TABEL 3.3

VARIANSIEONTLEDING:MOREEL		
VOORSPELLER	F-WAARDE	OORSKRYDINGS- WAARSKYNNLIKHEID
Taal volgens rekord	5,95	0,0150 *
Werkgewer	0,12	0,8896
Werkplek	4,21	0,0153 *
Bevolkingsgroep	0,61	0,5428
Streek	1,80	0,0845
Verpleegkategorie	4,80	0,0003 **

* Betekenisvol op die 5 %-peil

** Betekenisvol op die 1 %-peil

Volgens tabel 3.3 het die taal volgens rekord, werkplek en verpleegkategorie 'n effek op die moreeltelling.

TABEL 3.4

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE MOREEL VOLGENS DIE TAAL OP REKORD BY DIE SAVV			
GROEPERING	GEMIDDELDE MOREELTELLING	N	TAAL
A	37,3436	195	Afrikaans
A			
A	36,5714	392	Engels

Dit blyk uit tabel 3.4 dat daar nie statisties betekenisvolle verskille voorkom tussen persone wat in Afrikaans en diegene wat in Engels volgens rekord by die SAVV is nie. (Die gemiddelde tellings is gegroepeer met dieselfde letter.)

TABEL 3.5

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN MOREEL VOLGENS DIE WERKPLEK VAN DIE RESPONDENTE			
GROEPERING	GEMIDDELDE MOREELTELLING	N	WERKPLEK
A	38,0229	131	Buite hospitale
A			
B A	37,4063	64	Nie praktiserend
B			
B	36,3342	392	Hospitale

3.2.2 Werktevredenheid van die onderoekgroep

(1) Globale beeld van die mate van werktevredenheid

Net soos in die geval van die moreelskaal is die gemiddelde itemtelling van die vier vrae per respondent bereken. Aangesien elke vraag sewe antwoordmoontlikhede het, is die minimum telling wat behaal kan word 1 en die maksimum 7. Die strekwydte tussen hierdie twee grense, naamlik 6 intervalle, is weer eens in vier kategorieë verdeel, soortgelyk as die moreelskaal. Tabel 3.7 toon hoe die sewepuntskaal na 'n vierpuntskaal getransformeer is en hoe elke kategorie beskryf is.


TABEL 3.7

PERSENTASIEVERDELING VAN GEMIDDELDE TELLINGS VAN DIE WERKTEVREDENHEIDSKAAL GEKATEGORISEER IN VIER KATEGORIEË		
GEMIDDELDE ITEMTELLING	KATEGORIE	PERSENTASIE
1,00 - 2,49	Baie ontevrede	0,6
2,50 - 3,99	Redelik ontevrede	3,1
4,00 - 5,49	Redelik tevrede	33,0
5,50 - 7,00	Baie tevrede	63,3
		<hr/> 100,0 %

In figuur 3.3 word die vier kategorieë volgens 'n sektorkaart voorgestel.

FIGUUR 3.3

MATE VAN WERKTEVREDENHEID T.O.V. TOTALE ONDERSOEKGROEP



Net soos in die geval van die stand van moreel is dit ook baie duidelik dat die ondersoekgroep oor die algemeen 'n hoë mate van werktevredenheid ervaar. Die meerderheid (63,3 %) is baie tevrede en soveel as 96,3 % is of redelik tevrede of baie tevrede. Dit is interessant om daarop te let dat die persentasie respondente in die twee hoogste moreelkategorieë (baie goed 65,2% en redelik goed 31,2 %) feitlik identies is naamlik 96,4 %. Dit laat die vermoede ontstaan dat daar waarskynlik 'n verband tussen moreel en werktevredenheid kan bestaan. Hierdie vermoede is gedeeltelik bevestig met 'n korrelasiekoëffisiënt van 0,54 tussen die twee konstrunkte. Dit lei weer noodwendig tot 'n verdere vermoede, naamlik dat die hoë mate van werktevredenheid waarskynlik aanleiding gegee het tot die besonder gunstige moreeltelling. Hierdie afleiding is egter nie statisties getoets nie omdat die navorsingsontwerp nie voorsiening gemaak het om die moontlike effek van werktevredenheid op moreel te toets nie.

(2) Vergelyking tussen subgroepe met betrekking tot hul werktevredenheid

Dieselfde ses voorspellers het in die geval van werktevredenheid, 5,2 % van die totale variasie verklaar. Die F-waardes van die ses voorspellers en die

tabel 3.8

TABEL 3.8

VARIANSIEONTLEDING - WERKTEVREDENHEID		
VOORSPELLER	F-WAARDE	OORSKRYDINGS- WAARSKYNLIKHEID
Taal volgens rekord	0,58	0,4454
Werkgewer	2,65	0,0718
Werkplek	1,37	0,2552
Bevolkingsgroep	2,85	0,0585 *
Streek	1,07	0,3815
Verpleegkategorie	2,21	0,0522 *

* Betekenisvol op die 6 %-peil.

Volgens tabel 3.8 is dit slegs die veranderlikes bevolkingsgroep en verpleegkategorie wat 'n effek het (op die 6 %-peil) op die werktevredenheidstelling.

TABEL 3.9

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN DIE MOREEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP			
GROEPERING	GEMIDDELDE MOREELTELLING	N	BEVOLKINGS- GROEP
A	23,2680	97	Kleurlinge en Indiërs
A			
B A	22,5652	299	Blankes
B			
B	22,0193	207	Swartes

Tabel 3.9 toon dat daar statisties betekenisvolle verskille voorkom tussen die werktevredenheidtellings behaal deur Kleurlinge en Indiërs enersyds en Swartes andersyds. Alhoewel die verskil nie baie groot is nie, is die gemiddelde tellings van Kleurlinge en Indiërs gesamentlik

groter as die van Swartes.

TABEL 3.10

VERSKILLE IN DIE GEMIDDELDE TOTAALTELLINGS VAN WERKTEVREDENHEID VOLGENS DIE VERSKILLENDE VERPLEEGKATEGORIEË			
GROEPERING	GEMIDDELDE WERKTEVREDENHEID-TELLING	N	KATEGORIE
A	23,159	132	Assistente
A	22,855	62	Ingeskrewenes
A	22,570	86	In opleiding
A	22,176	279	Geregistreerdes
A	21,881	42	Werk nie tans nie
A	20,500	2	Nie aangedui

Wat die veranderlike verpleegkategorie betref, kan uit tabel 3.10 afgelei word dat daar nie statisties betekenisvolle verskille tussen die verskillende kategorieë voorkom nie.

HOOFSTUK 4

VERPLEEGNUUS: LEESPATRONE EN BEHOEFTE

DEEL 3 VAN DIE VRAELYS

4.1 OORSIG

Hierdie deel van die vraelys handel oor hoe dikwels respondente VERPLEEGNUUS ontvang, hulle leespatrone en behoeftes in dié verband.

Die bevindings van die ondersoek toon dat 'n redelik groot persentasie van die respondente nie VERPLEEGNUUS gereeld ontvang nie. Wanneer daar egter gelet word na hoe VERPLEEGNUUS oor die algemeen gelees word, dan blyk dit dat 'n groot persentasie van die respondente as lesers geklassifiseer kan word. Berigte waaraan die respondente veral voorkeur verleen het, is dié wat inligting op professionele gebied verskaf.

4.2 VERWERKING EN AANBIEDING VAN DIE GEGEWENS

Hierdie deel bestaan uit sewe vrae. Die gegewens word bespreek aan die hand van persentasietabelle en grafiese voorstellings.

Ontleding vooraf van die gegewens het daarop gedui dat dit nie moontlik was om inferensiële statistiese tegnieke op alle vrae toe te pas nie. In die geval waar dit wel gedoen is, is gebruik gemaak van die loglineêre ontledingstegniek (kyk bylae C).


4.3 BEVINDINGS

4.3.1 Ontvangs van VERPLEEGNUUS

Op die vraag "Hoe gereeld ontvang u u kopie van VERPLEEGNUUS?" het die respondente geantwoord soos aangetoon in figuur 4.1.

FIGUUR 4.1

PERSENTASIEVERDELING VAN DIE GEREELDHEID VAN ONTVANGS VAN VERPLEEGNUUS



As in ag geneem word dat 'n kopie van VERPLEEGNUUS elke maand teen hoë koste aan elke lid gestuur word, is dit kommerwekkend dat slegs drie uit elke vier respondente aangedui het dat hulle dit gereeld elke maand ontvang.


Drie persent van die respondente het aangedui dat hulle die nuusblad nooit kry nie en 11 % dat hulle dit net die helfte van die tyd of nog minder ontvang. Benewens hierdie aanduiding deur respondente is (4,1 %) van die navorsingsvraelyste onafgelewer teruggestuur. Hierdie persone wat deel was van 'n verteenwoordigende steekproef, ontvang heelwaarskynlik ook selde of nooit VERPLEEGNUUS.

In figuur 4.2 word volgens verpleegkategorie en bevolkingsgroep 'n uiteensetting gegee van persone wat VERPLEEGNUUS gereeld elke maand ontvang en die wat dit nie gereeld elke maand kry nie. In tabel 4.1 verskyn die persentasieverdeling.

FIGUUR 4.2

HOE GEREELD ONTVANG U VERPLEEGNUUS?

SLEUTEL: GEREELD = BAIE
 NOOIT - 11 KEER PJ = MIN



 MIN  BAIE

TABEL 4.1

PERSENTASIE RESPONDENTE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN KATEGORIE
 WAT VERPLEEGNUUS ONGEREELD EN GEREELD ELKE MAAND ONTVANG

		Getal respon- dente	Hoe gereeld ont- vang u VERPLEEG- NUUS	
			11 keer of minder	12 keer
Blank	Geregistreerdes	177	23,73	76,27
	Ingeskrewenes	16	43,75	56,25
	Studente	45	60,00	40,00
	Assistente	40	25,00	75,00
	Ander	41	24,39	75,61
Kleurling/ Indiër	Geregistreerdes	32	28,13	71,88
	Ingeskrewenes	14	21,43	78,57
	Studente	17	29,41	70,59
	Assistente	32	15,63	84,38
	Ander	4	50,00	50,00
Swart	Geregistreerdes	79	24,05	75,95
	Ingeskrewenes	32	21,88	78,13
	Studente	26	30,77	69,23
	Assistente	69	17,39	82,61
	Ander	16	37,50	62,50

Uit tabel 4.1 blyk dat VERPLEEGNUUS gereeld elke maand deur die volgende persentasies respondente ontvang word:

Geregistreeerde verpleegkundiges	75
Ingeskrewe verpleegkundiges	71
Student-/leerlingverpleegkundiges	60

Verpleegassistente	80
Nie-praktiserendes	63


Uit die statistiese verwerking (bylae C, tabel 1) van die gegewens blyk dat, in vergelyking met die gemiddelde tendens van die ondersoekgroep gesamentlik, 'n statisties betekenisvolle kleiner proporsie van die student-/leerlingverpleegkundiges en 'n groter proporsie van die verpleegassistente aangedui het dat hulle gereeld maandeliks die nuusblad ontvang. Geen statisties betekenisvolle verskille het ten opsigte van bevolkingsgroep voorgekom nie.

Figuur 4.3 toon 'n uiteensetting van al die antwoordmoontlikhede op hierdie vraag volgens verpleegkategorie. Hieruit blyk dat 14 % student- en leerlingverpleegkundiges nooit, en 20 % selde (een tot ses keer per jaar), die nuusblad kry. Verpleegkundiges in ander kategorië wat nooit VERPLEEGNUUS kry nie, wissel tussen 0,36 % (geregistreerdes) en 3 % (nie-praktiserendes).


4.3.2 Algemene leespatroon

Figuur 4.4 gee 'n uiteensetting van die algemene leespatroon van die respondente ten opsigte van VERPLEEGNUUS.

FIGUUR 4.3 "HOE GEREELD ONTVANG U U KOPIE VAN VERPLEEGNUUS?"
 PERSENTASIEVERDELING VOLGENS VERPLEEGKATEGORIE



FIGUUR 4.4
PERSENTASIEVERDELING VAN DIE
ALGEMENE LEESPATROON T.O.V.
VERPLEEGNUUS



Uit figuur 4.4 kan afgelei word dat 94 % van die respondente VERPLEEGNUUS lees. Groepe wat aangedui het dat hulle die meeste van die inhoud lees en die wat dit deurblaai en opskrifte en slegs sommige artikels en advertensies lees (selektiewe leespatroon) is albei as lesers beskou.

Tabel 4.2 gee 'n uiteensetting van die leespatroon volgens verpleegkategorie.

TABEL 4.2

PERSENTASIEVERDELING VAN DIE LEESPATRONE VOLGENS VERPLEEGKATEGORIE

Inhoudsgebied	Geregistreerdes	Ingeskrewe nes	In opleiding	Assistentente	Nie-praktiserend
Getal respondente	295	65	87	142	63
Lees meeste	60	60	46	70	65
Lees selektief	34	37	40	24	30
Blaai deur	4	2	2	4	3
Gooi weg	1	0	2	0	0
Ontvang nie	1	2	9	2	2

Die persentasies van die respondente wat die meeste van die inhoud van VERPLEEGNUUS lees, wissel tussen 70 (verpleegassistentente) en 46 (student-/leerlingverpleegkundiges).

Indien daar egter gekyk word na die respondente wat as lesers beskou word, dit wil sê wat die meeste van die inhoud of selektief lees, is die persentasie heelwat hoër. Dit wissel tussen 86 % (persone in opleiding) en 97 % (ingeskrewe

verpleegkundiges).

Die persentasies geregistreerde en student-/leerling-verpleegkundiges wat gesê het dat hulle VERPLEEGNUUS onoopgemaak weggooi, was onderskeidelik 1 % en 2 %. Die respondente in die ander kategorieë het aangedui dat hulle minstens die nuusblad deurblaai.

4.3.3 Leespatrone van gegewe inhoudsgebiede:

Respondente is gevra om ten opsigte van twaalf gereelde inhoudsgebiede van VERPLEEGNUUS aan te dui of hulle dit altyd, meestal, soms of nooit lees nie.

Figuur 4.5 gee 'n uiteensetting van die response op hierdie vraag. Die inhoudsgebiede is gerangskik in volgorde van die hoogste na die laagste persentasies van die respondente wat "altyd" die onderskeie inhoudsgebiede lees.

FIGUUR 4.5

PERSENTASIEVERDELING VAN HOE GEREELD SPESIFIEKE INHOUDSGEBIEDE VAN VERPLEEGNUUS GELEES WORD

	ALTYD	MEESTAL	SOMS	NOOIT
Ontwikkelings	65	28	15	1
Nuus uit eienstreek	64	22	18	6
Hoofberig	53	28	17	2
Diensvoorwaardes	52	25	19	4
Briewe	47	24	24	4
Poste	47	19	24	10
Hoofkantoornuus	41	27	27	5
Hoofartikel	38	27	29	6
Dagboek	37	26	29	13
Beeld en styl	29	26	35	10
Nuus uit ander streke	28	27	36	10
Kompetisies	25	18	38	19

Uit figuur 4.5 blyk dat meer as die helfte van die respondente altyd die volgende lees:

- ontwikkelings op verpleeg- en gesondheidsgebied (55 %)
- nuus uit eie streek (54 %)
- hoofberig (53 %)
- inligting oor diensvoorwaardes, voordele wat die Vereniging bied, ens. (insluitend "info") (52 %).

Indien die persentasies van diegene wat die spesifieke inhoudsgebied meestal en altyd lees bymekaar getel word, blyk dat meer as 75 % van die respondente telkens dieselfde vier inhoudsgebiede genoem het.

Die volgorde verander egter soos volg:

- ontwikkelings op verpleeg- en gesondheidsgebied (83 %)
- hoofberig (81 %)
- inligting oor diensvoorwaardes, voordele ensovoorts (77 %)
- nuus uit eie streek (76%)

Uit bogenoemde wil dit voorkom of respondente veral die berigte lees wat hulle op professionele gebied en ten opsigte van hulle eie voordele inlig.

Kompetisies is die minste gewild en net 43 % van die respondente het gesê dat hulle dit meestal of altyd lees.

Hoewel nuus uit die respondente se eie streek gereedelik gelees word, is nuus uit ander streke die inhoudsgebied wat die tweede minste gelees word (55 % lees dit altyd of

meestal). Hierdie aspek kan in aanmerking geneem word in die lig daarvan dat streeknuus 'n aansienlike gedeelte van die ruimte in VERPLEEGNUUS beslaan asook die feit dat elke streek van die SAVV 'n eie nuusblad het.

'n Uiteensetting van wat die respondente in die verskillende verpleegkategorieë altyd of meestal lees word in tabel 4.3 gegee.

TABEL 4.3

PERSENTASIE RESPONDENTE IN VERSKILLENDEN VERPLEEGKATEGORIEË WAT AANGEDUI HET DAT HULLE MEESTAL/ALTYD SPESIFIEKE INHOUD VAN VERPLEEGNUUS LEES

Inhoudsgebied*	Geregistreerdes	Ingeskrewe nes	In opleiding	Assistentente	Nie-praktiserend
Getal respondente	289	63	84	136	59
Hoofberig	81	85	67	84	85
Hoofkantoor nuus	68	81	47	74	70
Briewe	73	69	65	71	78
Hoofartikel	65	52	59	72	75
Nuus uit eie streek	80	71	74	69	76
Nuus uit ander streke	51	57	46	63	57
Beeld en Styl	54	47	59	54	66
Dagboek	65	54	40	55	53
Kompetisies	40	51	47	52	32
Ontwikkelings	85	78	82	81	83
Diensvoorwaardes en voordele	78	84	69	75	76
Posteadvertensies	63	79	51	79	59

* Op sommige vrae het al die respondente nie geantwoord nie.

Volgens tabel 4.3 blyk dit dat die drie inhoudsgebiede wat die meeste deur die respondente gelees word die volgende is:

Geregistreerde verpleegkundiges:

- ontwikkelings op verpleeg- en gesondheidsgebied (85 %)
- die hoofberig (81 %)
- nuus uit eie streek (80 %).

Ingeskrewe verpleegkundiges:

- die hoofberig (85 %)
- diensvoorwaardes, voordele ens. (84 %)
- hoofkantoornuus (81 %)

Student- en leerlingverpleegkundiges:

- ontwikkelings op verpleeg- en gesondheidsgebied (82 %)
- nuus uit eie streek (74 %)
- diensvoorwaardes, voordele, ensovoorts (69 %)

Verpleegassistentente:

- die hoofberig (84 %)
- ontwikkelings (81 %)
- posteadvertensies (79 %).

Hoofkantoornuus is 'n belangrike rubriek om lede oor die werksaamhede van hulle vereniging in te lig. Terwyl 81 % van die ingeskrewe verpleegkundiges aangedui het dat hulle die rubriek meestal of altyd lees was die persentasies vir geregistreerde verpleegkundiges en persone in opleiding redelik laag, 68 % en 47 % respektiewelik.

Van die persone in opleiding het respektiewelik 67 %, 59 %, en 47 % aangedui dat hulle die hoofberig, hoofartikel en hoofkantoornuus altyd of meestal lees. Hierdie relatief lae persentasies by die groep in hulle professionele vormingsjare kan rede tot kommer wees as aangeneem word dat veral dié rubrieke 'n bydrae tot professionele sosialisering lewer.

4.3.4 Leesbehoefte

Die doel van die ope vrae oor VERPLEEGNUUS was om te bepaal wat lede in VERPLEEGNUUS wil lees. Twee vrae is aan die respondente gestel. "Waarvan sou u graag meer wou hê van wat reeds in VERPLEEGNUUS verskyn?" en "Wat sal u graag in VERPLEEGNUUS wil lees wat nie nou daarin verskyn nie?". Die vrae is geskei om dit vir die respondent makliker te maak om te antwoord, maar is as 'n eenheid beskou omdat die antwoorde op albei vrae op leesbehoefte dui.

Die response is in vyf-en-dertig kategorieë gerangskik, insluitend die wat voorsiening gemaak het vir antwoorde wat nie kodeer kon word nie asook kommentaar dat die respondent met die inhoud van VERPLEEGNUUS tevrede of ontevrede is.

Tien kategorieë is deur 5 % of meer van die totale aantal respondente genoem. In tabel 4.4 word die persentasie respondente wat hierdie kategorieë aangedui het volgens verpleegkategorie uiteengesit.

TABEL 4.4:

PERSENTASIES IN VERSKILLENDEN VERPLEEGKATEGORIEË WAT
AANGEDUI HET DAT HULLE IN VERPLEEGNUUS WIL LEES OOR
GESELEKTEERDE* INHOUDSGEBIEDE

Inhoudsgebied	Geregistreerdes	Ingeskrewe-nes	In op-leiding	Assis-tente	Nie-prakti-serend	Totale onder-soek-groep
Getal respondente	295	66	89	143	65	658
Ontwikkelings op verpleeg- en gesondheidsgebied	29	15	22	15	26	24
Gevalstudies, bespreking van spesifieke toestande	15	6	3	6	18	11
Wat die Vereniging doen	9	21	13	11	2	11
Diensvoorwaardes:	9	8	14	15	8	11
Briewe	9	15	12	7	3	9
Vakatures	3	15	8	15	11	8
SAVV-voordele	7	5	9	8	2	7
Studiegeleenthede	7	8	8	2	8	6
Streeknuus (eie)	6	5	9	5	6	6
Streeknuus (algemene kommentaar)	5	3	8	6	5	5

* 5 % of meer van die respondente het hierdie kategorie aangedui.

Vier kategorieë is deur 10 % of meer van die respondente genoem. Twee hiervan, naamlik ontwikkeling op verpleeg- en gesondheidsgebied en diensvoorwaardes is ook deur meer as driekwart van die respondente genoem as inhoudsgebiede wat hulle altyd of meestal lees (par. 4.3.3). Dit blyk derhalwe dat daar veral aan die twee inhoudsgebiede meer aandag gegee kan word.

Hoewel elf persent van die respondente aangedui het dat hulle meer wil lees oor die Vereniging se werksaamhede, het 'n betreklik lae persentasie (68) te kenne gegee dat hulle Hoofkantoor nuus, waarin die werksaamhede van die SAVV veral bespreek word, lees (figuur 4.5).

In die lig hiervan is dit moontlik dat die behoefte aan meer inligting oor die SAVV se werksaamhede onder andere daaraan toegeskryf kan word dat die huidige formaat (Hoofkantoor nuus) waarin die inligting aangebied word, nie die doeltreffendste is nie.

Voorts toon tabel 4.4 dat 11 % van die totale respondente (nie-praktiserendes 18 % en geregistreerdes 15 %) 'n behoefte aan gevallestudies en bespreking van spesifieke siektetoestande het. Hierdie kategorie verskyn selde in VERPLEEGNUUS.

Wat die verskillende verpleegkategorieë betref, het 10 % of meer die volgende kategorieë genoem:

Geregistreeerde verpleegkundiges:

- gevallestudies en artikels oor spesifieke toestande (15 %)

Ingeskrewe verpleegkundiges:

- die Vereniging se werksaamhede (21 %)
- briewe
- vakatures (15 %)

Student- en leerlingverpleegkundiges:

- diensvoorwaardes (14 %)
- die Vereniging se werksaamhede (13 %)
- briewe (12 %)

Verpleegassistentente:

- diensvoorwaardes (15 %)
- vakatures (15 %)
- wat die Vereniging doen (11 %)

Nie-praktiserendes:

- gevallestudies en artikels oor spesifieke toestande (18 %)
- vakatures (11 %)

Inhoudsgebiede wat deur 3 tot 5 % van die respondente in die oop vraag genoem is, is die volgende:

- meer nuus oor spesifieke verpleegkategorieë of bevolkingsgroep (3,1 %)
- inhoud wat onder "Beeld en Styl" sou val (3,7 %)
- humor (3,7 %)
- nuwe produkte, metodes, ensovoorts (4,6 %)
- navorsing (3 %)
- verpleegkundiges wat hulle ervaringe deel (3,0 %)
- kompetisies en blokkiesraaisels (4,3 %)

Vyf persent van die respondente het by die oop vraag 'n stelling gemaak wat daarop dui dat hulle tevrede is met die inhoud van VERPLEEGNUUS, terwyl net een respondent ontevredenheid uitgespreek het. Ses persent van dié

response kon nie gekodeer word nie. In die meeste van die gevalle het dié respondente hulle behoeftes in verband gebring met watter feite hulle in VERPLEEGNUUS wil lees (byvoorbeeld dat hulle wil lees dat salarisse verhoog is).

4.3.5 Reaksie op advertensies

Op die vraag of die respondent al ooit op 'n advertensie in VERPLEEGNUUS gereageer het (byvoorbeeld om 'n pos aansoek te doen, navraag te doen of 'n produk te bestel) was die respons soos volg:

Ja 27 %


Nee 73 %

Ten opsigte van verpleegkategorie wissel die respons tussen 36 % (geregistreeerde verpleegkundiges) en 13 % (student- en leerlingverpleegkundiges) en ten opsigte van bevolkingsgroep tussen 32 % (Blank) en 20 % (Swart). (Tabel nie gerapporteer nie.)

'n Aanduiding van die mate waarin die verskillende verpleegkategorieë en bevolkingsgroepe al op 'n advertensie gereageer het, word in figuur 4.6 gegee.

FIGUUR 4.6

HET U AL OP 'N ADVERTENSIE IN VERPLEEGNUUS GEREAGEER?



▨ JA

▩ NEE


4.3.6 Lesertal

Om vas te stel of VERPLEEGNUUS wyer gelees word as net deur lede aan wie dit geadresseer is, is respondente gevra hoeveel persone in hulle huishouding of vriende/familie behalwe hulself, ook na hulle blad kyk.

Die response op die vraag word in figuur 4.7 voorgestel.

FIGUUR 4.7

HISTOGRAMVOORSTELLING VAN HOEVEEL ANDER PERSONE DIE RESPONDENTE SE KOPIE VAN VERPLEEGNUUS LEES (n=651)



Tabel 4.5 is 'n berekening van hoeveel persone die kopie van VERPLEEGNUUS lees wat deur die 651 respondente wat die vraag geantwoord het, ontvang word.

TABEL 4.5

GETAL PERSONE WAT VERPLEEGNUUS LEES

Respons	Getal respon- dente	Getal lesers
Geen	264	264
Een	215	430
Twee tot vyf*	141	493
Meer as vyf**	31	186
Totaal	651	1 373

* Lesertal teen 'n gemiddeld van 3,5 bereken.

** Lesertal teen 6 bereken.

Indien die lesertal op hierdie wyse bereken word, wil dit voorkom of die VERPLEEGNUUS van hierdie 651 respondente deur ongeveer twee keer soveel mense gelees word.

SAMEVATTING

5.1 DOEL EN METODE

Hierdie navorsing is deur die RGN op versoek van en in vennootskap met die SAVV onderneem met die doel om:

- lede se insig in die werksaamhede van die SAVV te toets
- die algemene houding van lede teenoor die SAVV te peil
- menings van lede oor bepaalde aspekte rakende die werksaamhede van die SAVV te ontlok
- 'n waardering van die moreel en werktevredenheid van persone in die verpleegberoep te doen
- lede se algemene leespatroon van VERPLEEGNUUS te ondersoek, die frekwensie waarvolgens VERPLEEGNUUS ontvang word te ontleed asook lede se behoeftes ten opsigte van VERPLEEGNUUS te identifiseer.

5.2 METODE VAN ONDERSOEK

5.2.1 Vraelys

Die opname is uitgevoer met behulp van 'n voorafgetoetste posvraelys wat aan 'n ewekansige gestratifiseerde steekproef van 2000 volgens adresse op die ledelyste van die SAVV uitgestuur is.

Met uitsondering van Hoppock se gestandaardiseerde skaal vir die meting van werktevredenheid is die res van die vraelys deur die navorsingspan ontwerp.

Die vraelys het vier dele (die volledige vraelys verskyn in bylae A).

Ondanks talle pogings insluitend 'n "skoon" en maklike vraelys, 'n ingeslote gefrankeerde koevert, 'n herinneringskennisgewing en publisiteit oor die opname in VERPLEEGNUUS is slegs 'n teleurstellende 33 % van die uitgestuurde vraelyste terugontvang. Hierdie feit het noodwendig 'n beperkende invloed op die interpretasie van die gegewens en dui hierbenewens op die onbetrokkenheid van SAVV-lede.

5.3 SAMEVATTING VAN BEVINDINGS

5.3.2 Behoeftes en evaluering van die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging (SAVV).

Resultate op enkele vrae ten opsigte van die insig wat respondente het oor die werksaamhede van die SAVV, het daarop gedui dat:

- minder as 'n kwart van die respondente te kenne gegee het dat hulle beslis die doel en funksies van die SAVV kan verduidelik

- bykans een vyfde van die respondente van mening was dat hulle nog nooit enige voordele uit die Vereniging se werksaamhede ontvang het nie.

'n Besliste verwagting wat gekoester word van die rol wat tans deur die SAVV uitgevoer word (kyk vraelys, items 13 tot 40 in bylae A) is oor die algemeen uitgespreek. Aktiwiteite wat deur meer as 80 % van die ondersoekgroep aangedui is, is die volgende:

Die SAVV moet help om die beroep se naam hoog te hou	89 %
Die SAVV moet help om 'n goeie beeld van die beroep te skep	86 %
Die SAVV moet onderhandel vir beter salarisse	85 %
Die SAVV moet 'n inligtingdiens aan lede lewer	82 %
Die SAVV moet onderhandel vir beter diensvoorwaardes	80 %
Die SAVV moet die gehalte van verpleegsorg bevorder	80 %

Die evaluering van die werksaamhede was egter redelik negatief. Die aktiwiteite wat deur bykans 50 % van die ondersoekgroep negatief geëvalueer is (kan heelwat meer doen/doen omtrent niks), is die volgende:

Die SAVV moet onderhandel vir beter salarisse	59 %
Die SAVV moet onderhandel vir beter diensvoorwaardes	51 %
Die SAVV moet help met die oplossing van lede se probleme met werkgewers	47 %
Die SAVV moet 'n groepsgevoel onder lede bevorder	47 %
Die SAVV moet vir elke lid 'n kans gee om sy/haar sê te sê	46 %
Die SAVV moet help om 'n goeie beeld van die beroep te skep	43 %

'n Ontleding van die totale behoefteveld, bestaande uit die somtotaal van die individuele items, het daarop gedui dat statisties beduidende verskille voorgekom het tussen geregistreeerde verpleegkundiges en nie-praktiserendes enersyds en ingeskrewe en student-/leerlingverpleegkundiges asook verpleegassistente andersyds. Eersgenoemde groep het 'n hoër gemiddeld gehad. 'n Statisties beduidende verskil is ook opgemerk tussen die respondente wat die vraelys in Engels ('n hoër gemiddeld) en dié wat dit in Afrikaans ingevul het. 'n Vergelyking tussen subgroepe ten opsigte van die evalueringsveld wat soos die behoefteveld bestaan

uit die somtotaal van die items, het getoon dat die Blanke respondente die werksaamhede van die SAVV statisties beduidend negatiewer as die Swartes geëvalueer het.

5.4 MOREEL EN WERKTEVREDENHEID

Die moreel van die onderzoekgroep is gepeil met behulp van 'n selfontwikkelde skaal bestaande uit 11 vrae. 'n Enkele moreelindeks is verkry deur die totaalstelling van die items in die skaal. Globaal gesien, dui die bevindings van die ondersoek op 'n baie gesonde moreel van die onderzoekgroep. Op 'n vierpuntskaal met kategorieë BAIE GOED, REDELIK GOED, REDELIK SWAK en BAIE SWAK het 96,4 % positief gereageer (BAIE GOED 65,2 % en REDELIK GOED 31,2 %). Hierdie gunstige bevinding moet egter geïnterpreteer word teen die agtergrond van die feit dat slegs 33 % van die vraelyste terugontvang is. Die moontlikheid bestaan byvoorbeeld dat dit juis respondente met hoë moreel is wat hul vraelyste teruggestuur het en dat die bevinding dus nie verteenwoordigend van die totale verpleegberoep is nie maar slegs van 'n bepaalde selfgeselekteerde groep. Wat die veranderlike werktevredenheid betref, is feitlik identiese resultate waargeneem. Hierdie meting is deur middel van 'n gestandaardiseerde vraelys van Hoppock (1935) verkry. In die geval het 96,3 % positief gereageer (BAIE TEVREDE 63,3 % en REDELIK TEVREDE 33,0 %). Ook wat werktevredenheid betref, kan dit weer eens hoofsaaklik respondente wees wat hoë werktevredenheid ervaar het, wat hul vraelyste teruggestuur het.

Dit blyk verder dat daar 'n relatief sterk verband tussen moreel en werktevredenheid in die ondersoek bestaan wat statisties met 'n korrelasie van 0,54 weerspieël is.

'n Ontleding van die items van die moreelskaal dui daarop dat respondente se verhoudings met hul seniors asook met hul werkgewers waarskynlik faktore is wat negatief inwerk op hul moreel.

Subgroepontleiding toon dat respondente werksaam buite hospitale statisties hoër gemiddelde moreeltellings behaal het as respondente wat in hospitale werk. Wat werktevredenheid betref, is bevind dat Kleurlinge en Indiërs 'n hoër mate van werktevredenheid ervaar as Swartes. Die verskille tussen Blankes en die ander bevolkingsgroepe was nie statisties betekenisvol nie.

5.5 VERPLEEGNUUS: LEESPATRONE EN BEHOEFTE

Die bevindings toon dat slegs 'n driekwart van die respondente die amptelike nuusblad van die SAVV gereeld maandeliks ontvang. Uit statistiese ontledings het geblyk dat in vergelyking met die gemiddelde tendens 'n kleiner proporsie van die student-/leerlingverpleegkundiges en 'n groter proporsie van die verpleegassistente VERPLEEGNUUS gereeld maandeliks ontvang. Drie persent van die respondente het aangedui dat hulle nooit VERPLEEGNUUS ontvang nie. Indien slegs die kategorie student-/leerlingverpleegkundiges in ag geneem word, is

gevind dat 14 % van hierdie groep nooit VERPLEEGNUUS ontvang
nie.

'n Aantal vrae is gevra om die leespatrone van respondente te ontleed. Indien diegene wat aangedui het dat hulle die meeste van die inhoud lees asook die wat dit deurblaai, opskrifte en slegs sommige artikels en advertensies lees, as lesers beskou word, lees 94 % die VERPLEEGNUUS. Die persentasies van die respondente wat laat blyk het dat hulle die meeste van die inhoud lees, wissel tussen 46 % (student-/leerlingverpleegkundiges) en 70 % (verpleeg-assistente). Meer as 50 % van die respondente het aangedui dat hulle altyd die volgende inhoudsgebiede van VERPLEEGNUUS lees:

- ontwikkelings op verpleeg- en gesondheidsgebied
- nuus uit eie streek
- hoofberig
- inligting oor diensvoorwaardes, voordele wat die Vereniging bied.

Op 'n oop vraag oor wat hulle graag in VERPLEEGNUUS wil lees, is vier responskategorieë deur meer as 10 % van die respondente genoem, naamlik:

- ontwikkeling op verpleeg- en gesondheidsgebied (24 %)
- diensvoorwaardes (11 %)
- die SAVV se werksaamhede (11 %) en gevallestudies en besprekings van spesifieke-siektetoestande-(11 %).

Wat reaksie op advertensies betref, het 27 % van die
respondente aangedui dat hulle al op 'n advertensie in
VERPLEEGNUUS gereageer het. Op 'n vraag wat daarop gemik is
om die trefwydte van VERPLEEGNUUS te ondersoek, het die 651
respondente wat die vraag beantwoord het, aangedui dat
ongeveer 1 373 persone uit vriende of familiebetrekkings
(die respondente ingeslote) hulle VERPLEEGNUUS lees.

BRONNELYS

Bergman, R. The role of professional organisations in nursing advancement. Curationis, Vol 6, nr 1, Maart 1983, pp 18-24.

Kotze, W.J. Verpleegnavorsing in Suid-Afrika in historiese perspektief. Curationis, Vol 7, nr 3, September 1984, pp 11-18.

Mc Nichols, C.W., Stahl, M.J., Manley T.R. A validation of Hoppock's job satisfaction measure. Academy of Management Journal, Vol 21, nr 4, 1978, pp 737-742.

SAS USERS GUIDE: Statistics. SAS institute inc, North Carolina, 1982.

Van Rensburg, J.J., Moreel: 'n Konseptuele analise en operasionele definisie. Geleentheidspublikasie nr 19, Pretoria: RGN, 1984.



Kerkstr. 41 605
Pretoria 0002
Postbus 12801 Pretoria 0001
Tel. 44 3305/7/8

605 Church Street
Pretoria 0002
P.O. Box 12801 Pretoria 0001
Tel. 44 3305/7/8

Isihloko/Isihloko: 100/000

Navorsingsprojek: 100/000/001
Uitvoerende Direkteur

Geagte lid

HOE VOEL U EN WAT WIL U Hê

Ons wil graag weet hoe ons lede voel oor die werksaamhede van die S.A. Verpleegstersvereniging, *Verpleegnuus* en oor hulle verpleegloopbaan in die algemeen.

Dié inligting sal ons help met die beplanning van die toekomstige werksaamhede van u Vereniging dus sal u persoonlik, en die beroep as geheel, daaruit voordeel kry.

Help ons asseblief deur hierdie vraelys te voltooi en dit binne die volgende week of so in die meegaande koevert terug te stuur.

U is deel van 'n steekproef van 2 000 van ons lede van alle kategorieë aan wie die vraelys gestuur is.

Gee asseblief u eerlike mening want niemand sal weet wie die vraelys ingevul het nie.

Hierdie navorsingsprojek word deur die S.A. Verpleegstersvereniging onderneem in vennootskap met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Interessante bevindings sal in *Verpleegnuus* asook in 'n artikel in die Vereniging se wetenskaplike tydskrif verskyn.

Baie dankie by voorbaat vir u vriendelike samewerking.

Vriendelik die uwe

(Mev.) S.J. du Preez
UITVOERENDE DIREKTEUR

SALUTIS FOVENDAE GRATIA

-79-

Kantoor
gebruik

Kantoorgebruik	Kaart nr.	1			
	Projek nr.	K	F	6	8
	Taal	0			

1 4

5

6 9

10

BYLAE A

Lees asseblief eers elke vraag sorgvuldig deur en merk dan die antwoordblokkie wat u gevoel die beste pas.

U kan enige antwoord kies – daar is geen regte of verkeerde antwoord nie – ons wil net graag u eerlike mening hê.

DEEL 1

ASPEKTE VAN DIE

SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSVERENIGING

Gestel 'n nuweling vra u uit oor die presiese doel en funksie van die S.A. Verpleegstersvereniging. Dink u, u weet genoeg daarvan om dit vir so 'n persoon in eenvoudige taal te verduidelik?

-08-

Ja, beslis	Ja, in 'n mate	Nee, nie eintlik nie	Nee, glad nie
---------------	-------------------	-------------------------	------------------

